VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING *APRIL 2010*

In ritme met die behoeftes van Suid-Afrikaanse kinders

Die dinamiese ma-en-dogter span, Anna Coetzee en dr. Lydia Dreyer, het hulle passie vir musiek én kinders laat hande vat en ‘n "werk-vir-jouself"-musiekprogram vir kinders (een tot ses jaar oud), ontwikkel.

Die saadjie vir wat vandag as ***Musiek vir Ons Kleintjies*** bekend staan, is die eerste keer geplant toe Anna, op daardie stadium ‘n aflos lektor aan die Potchefstroomse Universiteit (waar sy ook haar Baccalaureus-graad in musiek verwerf het), begin soek het na maniere om haar liefde vir musiek met haar jong dogter Lydia te deel.

Jare later het Lydia, toe 'n sielkundestudent aan die Universiteit van Stellenbosch, haar ma genader om die program in die area aan te bied. Hierdie eerste musiekskool het bewys dat daar 'n behoefte veral vir hul eg Suid-Afrikaanse program is. Hierdie behoefte is onderskraag deur die feit dat daar by kinders nie net ‘n liefde vir musiek en musiekwaarderingsvermoë gekweek word nie, maar ook die kind se intellektuele-, emosionele-, sosiale-, motoriese- en konsentrasievaardighede verskerp – wat bydra tot ‘n positiewe selfbeeld. Saam met die belangstelling het ‘n besigheidsvisie gegroei en in 2000 het die Suid-Afrikaanse Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool sy deure amptelik geopen.

Vir beide Anna en Lydia is die motivering agter die skool steeds dieselfde as Anna s’n jare gelede: Om jong kinders aan alle aspekte van musiek bloot te stel; by hulle ‘n passie vir musiek te kweek en stimuleer; en om die kind se algehele menswees deur middel van musiek optimaal te ontwikkel. Lydia verduidelik: “Musiek en klank is ‘n wesenlike deel van ons. Dit is 'n universele karaktertrek wat vervleg is met ons ingebore behoefte om te kommunikeer. Dit moet aanhoudend vertroetel word om beide ons ontwikkeling as menslike wesens én ons wisselwerking met ander, te bevorder." Anna voeg by: "Die feit dat musiek nie meer 'n verpligte deel van die skoolleerplan is nie is dit noodsaaklik dat ons vir ons kinders ‘n liefde vir musiek aanleer. Dit help om hulle algehele menswees te ontwikkel deur aan alle aspekte van die natuurlike musikale vermoëns waarmee ons gebore word, aandag te gee."

Nog ‘n rede vir Anna en Lydia om hul eie besigheid te begin was om vroue wat passievol oor kinders en musiek is, te bemagtig. Deur deel te word van die netwerk van musiekskole kan eienaars hul eie inkomste genereer terwyl hul ‘n buigsame skedule kan handhaaf. Daar is huidiglik 25 musiekskole landwyd en soos hierdie twee Maestros (of musiekskooleienaars) kan getuig, met hulle dinamiese ondernemingsgees het hulle onderskeidelik ‘n besonderse sukses behaal.

Tania de Clerk van Kaapstad het haar musiekskool in Januarie 2006 begin. “Na drie jaar se werk in die korporatiewe wêreld, tesame met baie laat nagte en meer verkeersknope as wat ek graag wil onthou, het ek begin droom van 'n lewenstyl wat my sal toelaat om die lewe meer te geniet," sê sy. "Die dag wat ek met die SA Musiekwaarderings- en Ontwikkelingskool kennis gemaak het, het ek geweet dat dit tyd is vir 'n nuwe uitdaging. Deur 'n *Musiek vir ons Kleintjies* musiekskool te besit het ek nou die geleentheid om my eie besigheid te bestuur, ek kan lewe vir my liefde vir musiek én 'n verskil in kinders se lewens maak." Tania het haar musiekskool so uitgebrei dat sy tans drie vrouens deeltyds in diens het om haar te help met klassies vir die om en by 200 kinders wat tans by haar *Musiek vir Ons Kleintjies* skool ingeskryf is.

Karen Mitchison, eienaar van haar eie musiekskool in Durban Noord, stem saam met Tania. "Nie alleen het die feit dat ek nou my eie besigheid besit, my finansieel onafhanklik gemaak nie, dit het ook my lewe verryk deur my die vryheid te gee om kwaliteit tyd smiddae met my eie kinders te kan spandeer." Sy voeg by: "Dit is ook 'n vreugde om te sien hoe hierdie program 'n positiewe impak op kinders het wat nie sommer op so 'n vroeë ouderdom aan musiek blootgestel sou word nie."

Vir meer inligting oor besigheidsgeleenthede of ‘n musiekskool in jou omgewing, skakel asseblief vir Anna Coetzee by 083 452 0486 of Lydia Dreyer by 083 458 8439, e-pos musicsa@samusicschool.co.za of besoek www.samusicschool.co.za.

- # # # -

SAAMGESTEL DEUR: Lesley Gikas, REFRESH PR

TEL: 021 887 4495

E-POS: lesley@refreshpr.co.za

NAMENS: Lydia Dreyer, Suid-Afrikaanse Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool

TEL: 083 458 8439

E-POS: musicsa@musicschool.co.za

Die Suid-Afrikaanse Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool bied terapeutiese musiek- en bewegingsprogramme – ***Musiek vir Ons Kleintjies*** – vir kinders een tot ses jaar oud. Die kombinasie van ondervinding opgedoen deur Anna Coetzee, wie 'n Baccalaureus-graad in musiek het, en Sielkundige dr. Lydia Dreyer, tesame met hul passie vir musiek en kinders, het gelei tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool, spesifiek gerig op Suid-Afrikaanse kinders en die konteks waarin hulle leef.